

# DASSIE DINGE

**4 – 2026/03/30**

Geagte Bronbergers,

Net voordat ons April groet en terwyl ons vir Paasfees voorberei, deel ons graag die volgende belangrike inligting met u:

**1. WATERVERBRUIK:**

Ons waterverbruik toon steeds 'n afwaartse tendens, maar is nog meer as normaal. Ons doen 'n beroep op die inwoners waar besproeiing in tuine daagliks natspuit, om asseblief verstellings te maak sodat dit nie nodig is om elke dag nat te maak nie. Daar is eenhede waar besproeiing na 06:00 nog steeds natspuit en die water oor die pad stroom. Ons gaan die nodige formele aksie moet neem om sulke wanpraktyke aan te spreek. Ons het werklik almal se samewerking nodig om ons waterverbruik te verminder. Dit is bitter jammer om te sien dat sommige inwoners hulle net nie aan hierdie versoek steur nie.

**2. ESTETIKA-OUDIT:**

Die Direksie en Bestuur gaan op 8 April 'n volledige estetika-oudit deur die Landgoed doen. Ons versoek is dat u asseblief voor dan seker maak daar is nie enige plantegroei deur of oor heinings nie, dat voordeure toeganklik vir noodbeddens is, dat struike/bome binne perke gesnoei is en dat geen ongewenste voorwerpe/kombuistoerusting op woonstelstoepe staan nie. Om Bronberg esteties op 'n hoë standaard te hou, is almal se samewerking nodig.

**3. VERVANGING VAN HEININGPAALTJIES:**

Die proses om alle houtpaaltjies by eenhede met plastiekpaaltjies te vervang, vorder baie goed. Ons het 'n eksterne kontrakteur wat dit vir ons doen. Ons is tans in Fase 1 en 2 besig en die vervanging geskied volgens 'n bepaalde roete. Soos voorheen genoem, is die doelwit om hierdie jaar in die orde van 8000 paaltjies te vervang.

Privaatpaaltjies sal slegs vervang word sodra die eienaar die nodige betaling by Ontvangs gedoen het. Indien geen betalings gemaak is nie, sal daardie paaltjies nie vervang word nie.

**4. INLIGTINGSESSIE: MEDIESE DIENSTE:**

Ons beplan om inligtingsessies rakende ons mediese dienste as volg in die Mandoliensaal aan te bied;

- April 20: 09:00 tot 10:00 vir inwoners in huise. Aanbieding is in Afrikaans.
- April 20: 13:00 tot 14:00 vir alle Engelse inwoners.
- April 21: 13:00 tot 14:00 in Afrikaans vir woonstelinwoners.

Tydens hierdie sessies gaan ons die nuwe diensverskaffer by die Sorgsentrum, Medwell/LaVie, bekendstel. Hulle gaan onder andere hulle omvattende tuisdienste verduidelik en ons 'n blik gee op die impak wat die nuwe wysigings binne die Wet op Bejaardes op ons gaan hê.

Ons wil ook graag die totale mediese diens verduidelik, insluitend aspekte soos die doel van evaluerings, wat gebeur tydens noodoproepe, wat gebeur met my as ek verswak, wat is al die versorgingsopsies binne die Landgoed en die nuwe vereistes van registrasie by die Departement van Sosiale Ontwikkeling vir aftreelandgoedere.

Ons sal geleentheid vir vrae en bespreking bied. Hierdie is 'n baie belangrike aspek binne ons landgoed en ons doen 'n beroep op u om seker te maak u woon een van die sessies by.

**5. ONDERHOUD BY EENHEDE:**

Ons is tans besig met die eksterne onderhoud en verf van eenhede in Fases 1 en 2. Ons gebruik nuwe kontrakteurs wat vir die eerste keer in Bronberg werksaam is. Dit vorder baie fluks en die kwaliteit van werk wat gedoen word is regtig van goeie gehalte. Daarbenewens gaan ons hierdie projek binne begroting voltooi en is die gedagte dat ons hierdie span ook vir toekomstige onderhoudswerk gaan gebruik.

Vir ons eie interne onderhoudswerk, gebruik ons vir Alex de Vries (u ken hom as die man wat al vir jare ons bussie bestuur) en Alister, wat op 'n geskeduleerde kontrak werk. Soos u bewus is, is Sipho nie meer by ons werksaam nie en is Abram se laaste dag in diens 31 Maart. Ons beste wense vergesel vir Abram wat sedert die begin van Bronberg op 1 Oktober 2016 by ons werksaam was.

**6. TUINDIENSTE:**

Die afgelope 10 dae is al die probleembome uitgehaal. Daar het intussen nog inwoners kom aanmeld dat sekere bome verwyder moet word, en ons sal eersdaags aandag aan die nuwe lys gee. Ons doen eers 'n volledige ondersoek en maak seker dat die nodige motivering wel so 'n uithaal, regverdig.

**7. NUWE NAAMBORDE:**

Ons gaan binne die volgende week of twee met die aanbring van ons nuwe naamborde begin. Dit was 'n omvattende proses om dit reg te kry en seker te maak ons doen dit hierdie keer op so 'n wyse dat verwarring voorkom word. Ons gaan klem op eenheidnommers plaas en nie soseer op straatname fokus nie.

Ons vertrou dat minder mense gaan verdwaal!

**8. KANTOORTYE:**

Neem asseblief kennis dat die kantoor en kliniek eerskomende Donderdag, 2 April om 13:00 gaan sluit. Maak seker dat u genoeg krag vir die naweek het. Noodgevalle na 13:00 sal Donderdag deur die Sorgsentrum hanteer word.

Geseënde Paasfees vir u almal.

Groete,

Alan Snyman



# DASSIE DINGE

**4 – 2026/03/30**

Dear Bronberg Residents,

Just as we approach April and as we prepare for Easter, we would like to share the following important information with you:

**1. WATER CONSUMPTION:**

Our water consumption continues to show a downward trend, but it is still above normal levels. We appeal to residents who irrigate their gardens daily to please make adjustments so that daily watering is not necessary. There are units where irrigation systems are still running after 06:00, with water flowing over the road. We will have to take the necessary formal action to address such practices. We truly need everyone's cooperation to reduce our water consumption. It is very disappointing to see that some residents are not taking this seriously.

**2. AESTHETICS AUDIT:**

The Board and Management will conduct a comprehensive aesthetics audit of the Estate on 8 April. We kindly request that you ensure beforehand that there is no vegetation growing through or over fences, that front doors are accessible for emergency beds, that shrubs/trees are properly trimmed, and that no unwanted items or kitchen equipment are placed on apartment patios. Maintaining Bronberg's high aesthetic standard requires everyone's cooperation.

**3. REPLACEMENT OF PICKETS:**

The process of replacing all wooden fencing at units with plastic fencing is progressing very well. We have appointed an external contractor for this work. We are currently busy with Phases 1 and 2, and replacements are being carried out according to a specific route. As mentioned previously, the goal is to replace approximately 8,000 pickets this year.

Private fencing will only be replaced once the owner has made the necessary payment at Reception. If no payment has been made, those pickets will not be replaced.

**4. INFORMATION SESSION: MEDICAL SERVICES:**

We are planning to host information sessions regarding our medical services in the Mandolin Hall as follows:

- 20 April: 09:00–10:00 for residents in houses (presentation in Afrikaans)
- 20 April: 13:00–14:00 for all English-speaking residents
- 21 April: 13:00–14:00 in Afrikaans for apartment residents

During these sessions, we will introduce the new service provider at the Care Centre, Medwell/LaVie. They will, among other things, explain their comprehensive home-based services and provide insight into the impact of the new amendments to the Older Persons Act.

We would also like to explain the full medical service offering, including aspects such as the purpose of assessments, what happens during emergency calls, what happens if a resident's health deteriorates, the available care options within the Estate, and the new requirements for registration with the Department of Social Development for retirement estates.

There will be an opportunity for questions and discussion. This is a very important aspect within our estate, and we urge you to attend one of the sessions.

**5. MAINTENANCE AT UNITS:**

We are currently busy with external maintenance and painting of units in Phases 1 and 2. We are using new contractors who are working in Bronberg for the first time. Progress is very good, and the quality of work is of a high standard. Furthermore, we will complete this project within budget, and the intention is to use this team for future maintenance work as well.

For our internal maintenance, we are making use of Alex de Vries (known to you as the person who has been driving our bus for many years) and Alister, who works on a scheduled contract. As you are aware, Sipho is no longer employed with us, and Abram's last working day will be 31 March. We extend our best wishes to Abram, who has been with us since the establishment of Bronberg on 1 October 2016.

**6. GARDEN SERVICES:**

Over the past 10 days, all problem trees have been removed. Additional requests have since been received from residents regarding trees that need to be removed, and we will attend to the new list shortly. We first conduct a thorough assessment to ensure that there is sufficient justification for removal.

**7. NEW SIGNAGE:**

We will begin installing our new signage within the next week or two. This has been a comprehensive process to ensure that it is done correctly this time to prevent confusion. The focus will be on unit numbers rather than street names.
We trust that fewer people will get lost!

**8. OFFICE HOURS:**

Please note that the office and clinic will close at 13:00 on Thursday, 2 April. Ensure that you have sufficient electricity for the weekend. Emergencies after 13:00 on Thursday will be handled by the Care Centre.

Wishing you all a blessed Easter.

Kind regards,
Alan Snyman